**Kanoniek, apokrief en pseudepigraaf: wat is dit?**

**prof. GDS Smit**

**2018**

Ons hoor deesdae dikwels dat mense verwys na die apokriewe boeke om standpunte en idees te staaf. Die apokriewe boeke is veral gewild by sektariese groepe. As ons na sekere liberale teoloë luister, is die *Kinderevangelie van Thomas* vir hulle net so belangrik, indien nie méér nie, as die vier evangeliebeskrywings in die Bybel! Wat egter dikwels aangehaal word as "apokriewe" is inderdaad nie "apokriewe" nie, maar "pseudepigrawe" en andersom. Wat is dan die verskil en waarom is dit belangrik om te weet? Ons gaan in die artikel kortliks hierna kyk.

## Kanoniek

Die woord *kanoniek* is 'n woord wat ons gebruik om te verwys na een van die ses-en-sestig boeke van die Bybel. Die woord is afkomstig van 'n Griekse woord wat "meetsnoer" of "maatstok" beteken. Wanneer ons na die Bybel verwys as kanon, beteken dit dat die Bybel die maatstaf is waarvolgens ons leer en lewe gereël en getoets moet word en waarmee valse leer bestry moet word. As protestantse gelowiges moet ons in die lig van die reformasie se leuse altyd vra: staan dit in die Bybel en wat sê die Skrif oor 'n saak?

Oor die Ou Testament was daar sedert die begin van die kerk op aarde redelik eenstemmigheid dat die boeke wat die Jode as Woord van God aanvaar het, óók in die Christelike kerk as Woord van God sal geld. Daaroor skrywe Paulus onder meer in 2 Timótheüs 3:16, dat *die hele Skrif deur God ingegee is* en wat daarop volg.

Oor die sewe-en-twintig boeke van die Nuwe Testament was daar sedert die opskrifstelling van die boeke, soms verskille onder gelowiges oor watter boeke as kanoniek beskou moet word en watter nie. By sommige Christelike gemeentes was daar teen die einde van die eerste eeu tot-en-met die vierde eeu na Christus verskille gewees oor byvoorbeeld of die boek Openbaring in die Nuwe Testament moet wees en of die boeke van Barnabas, die leer van die apostels (Didaché), die Pastor van Hermas, en die briewe van Polukarpus in die Nuwe Testament hoort of daarbuite? Oor die res van die Nuwe Testament was daar egter groot eenstemmigheid gewees.

Hoewel die sewe-en-twintig boeke wat ons vandag as Nuwe Testament ken, eers by die Sinode van Nicéa in 325 n.C. amptelik so genoem is, bestaan daar geen twyfel dat God deur sy Heilige Gees die apostels geïnspireer het om die boeke op skrif te stel en weer gelowiges gelei het om dit vroeg reeds te erken as Woord van God nie. In dié opsig kan ons dan sê dat die opskrifstelling van die Bybel beide 'n *pneumatologiese karakter* (God het dit deur sy Gees geïnspireer) én 'n *ekklesiologiese karakter* (God het die kerk gelei om te erken dat God deur sy Gees met hulle spreek en dit van geslag tot geslag oor te dra) het.

Hoewel die ses-en-sestig boeke van die Bybel deur gereformeerdes aanvaar word as kanon en hoewel ons bely dat die kanon vasgestel is en dat daar nie nog boeke by die Bybel gevoeg kan word of daarvan weggeneem kan word nie, het daar deur die eeue wel verskillende uitgawes van die Bybel die lig gesien.

Ek noem enkele voorbeelde:

i) Van ons lidmate sal moontlik nog onthou dat die *King James*-Bybel verskillende uitgawes gehad het, een met die ses-en-sestig kanonieke boeke van die Bybel soos ons dit ken, en 'n ander met die sogenaamde apokriewe boeke ingesluit.

ii) Hoewel die Roomse kerk ook die ses-en-sestig boeke in die Bybel insluit, beskou hulle Hebreërs, 2 Petrus, 2 en 3 Johannes, Jakobus, Judas en Openbaring as apokriewe boeke.

iii) Ook die Nederlandse Statevertaling het verskillende uitgawes deur die jare gehad en soms het dit die apokriewe boeke ingesluit. Dit het ooreengekom met die aantal boeke in die Latynse Vulgaat wat deur die Roomse kerk as Bybel gebruik is.

iv) In die Joodse Ou Testament, was die boeke Esra en Nehemía een boek gewees, bekend as 1 Esra en 2 Esra en dienooreenkomstig het die oudste uitgawes van die Latynse Vulgaat nie die boek Nehemía nie, maar wel 1 Esra en 2 Esra.

v) Die Sinode van Dordt (1618-1619) het lang debatte gehad of die apokriewe boeke in die Statevertaling moet wees. In die eerste druk van die Statevertaling was die apokriewe boeke ingesluit in die Bybel met 'n voorwoord waarin gewaarsku word dat die apokriewe boeke soms inligting bevat wat in stryd is met die kanonieke boeke. Slegs die apokriewe boeke van die Ou Testament word in die Statevertaling ingesluit en nie dié van die tyd van die Nuwe Testament nie. Die Sinode van Dordt het aan die apokriewe boeke slegs "menslike gesag" toegeken. In latere uitgawes van die Statevertaling is die apokriewe boeke agter in die Bybel ingesluit met doelbewuste oop bladsye na die Nuwe Testament dat die leser moet besef dit is nie deel van die Bybel nie.

Daar hoef by ons geen twyfel te bestaan dat die boeke wat ons vandag as kanoniek beskou, waarlik die Woord van God is, waarby niks gevoeg of weggeneem kan word nie, hoewel die apokriewe boeke tog leersame en bruikbare inligting bevat en volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis in die kerk geleer mag word sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem in ag genome dat hulle nie dieselfde gesag het nie.

**Apokrief**

Die woord *apokrief* beteken "weggesteek" en verwys na die boeke wat wel deur die eeue heen soms in die Bybel ingesluit was, maar nie dieselfde gesag en Goddelike aanspraak as die kanonieke boeke het nie. Daar bestaan heelwat verwarring onder mense wanneer verwys word na "apokriewe boeke" aangesien enige boek met

Bybelse strekking wat nie deel van die ses-en-sestig boeke van die kanon is nie, dikwels as *apokrief* bestempel word. Dit is egter nie korrek nie. Die apokriewe waarna die Nederlandse Geloofsbeydenis in artikel 6 verwys, is die enigste boeke wat deur die eeue in die kerk as apokriewe erken word en volgens die belydenis in die kerk gelees kan word sover as wat hulle met die kanonieke boeke ooreenkom, naamlik die derde en vierde boek van Esra; die boek van Tobias, Judit, die Wysheid van Salomo, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die Gebed van die Drie Manne in die Vuur, die Geskiedenis van Susanna, die Beeld van Bel en die Draak, die Gebed van Manasse en die twee boeke van die Makkabeërs. Indien ‘n boek wat op Bybelse gesag aanspraak maak, nie in hierdie bogenoemde lys voorkom nie, word dit nie as ‘n apokrief erken nie, maar as ‘n *pseudepigraaf*.

**Pseudepigraaf**

Pseudepigrawe en apokriewe is nie dieselfde nie en daar bestaan geen sanksionering in die belydenis van die kerke deur die eeue wat aan pseudepigrawe gesag of erkenning verleen nie. Hulle kan dus gelees word soos mens ‘n storieboek of *Die Huisgenoot* sal lees.

Die woord *pseudepigraaf* verwys na geskrifte met ‘n Bybelse strekking en verwysings na Bybelse karakters, wat aanspraak maak daarop dat dit geskryf is deur ‘n gesaghebbende persoon in die Bybel, maar in werklikheid onder ‘n valse naam geskryf is (*pseudo* = vals of onder skuilnaam). Onder hierdie geskrifte kry ons boeke soos die *Hemelvaart van Henog* en die *Kinderevangelie van Thomas* en talle ander.

Meeste van hierdie geskrifte dateer uit die tweede eeu na Christus óf later en verteenwoordig ‘n tyd in die kerk se geskiedenis toe dwaalleer algemeen kop uitgesteek het en talle geskrifte die lig gesien het wat aanspraak probeer maak het op Bybelse gesag, maar inderdaad nie deur die Gees geïnspireer is nie.

Anders as in die geval van die apokriewe boeke, het die kerk deur die eeue heen sterk standpunt ingeneem teen die pseudepigrawe in so mate dat van hulle heeltemal verdwyn het in die geskiedenis en enkeles vandag weer herontdek is (bv. die *Kinderevangelie van Thomas* wat in 1945 ontdek is of die *Evangelie van Judas* wat in 2006 herontdek is en waaroor ek destyds ‘n artikel in *Die Boodskapper* geskryf het). Dan Brown het deur sy *Da Vinci Code*- reeks van hierdie pseudepigrawe gewild kom maak.

Die pseudepigrawe het egter histories, kerklik en Skriftuurlik géén gesag nie, en kan op geen manier in die uitleg van die Skrif bruikbaar wees nie. Die pseudepigrawe moet derhalwe duidelik onderskei word van die apokriewe, wat ‘n bewese kerklike geskiedenis en historiese betroubaarheid dra, hoewel hulle nie kanoniek is nie.

**Samevatting**

Ons glo dat die ses-en-sestig boeke van die Bybel genoegsaam *(Latyn: sufficientia)* is om tot die saligmakende geloof in Christus te lei, dat dit die ware en volkome leer

van die saligheid bevat en dat niks daarby gevoeg of daarvan weggeneem kan word nie. Ons glo dus dat die kanon afgesluit is en dat verdere ontdekkings van geskrifte uit die tyd van die Bybel waardevol kan wees om ons kennis van die Bybel te verbreed maar nie as kanonieke boeke erken kan word nie.

Ons glo dat die apokriewe boeke vir ons baie waardevolle inligting bevat om die geskiedenis van die Bybel te verhelder, veral die eerste en tweede Makkabeër-boeke, maar dat dit gelees moet word teen die agtergrond van die Skrif en slegs aanvaar kan word sover as wat dit nie in stryd met die Skrif is nie.

Ons bely daarenteen dat die pseudepigrafiese geskifte geen kerklike- of historiese gesag het nie, en ten spyte van die aanspraak deur die oorspronklike outeurs en ten spyte van die gewildheid onder sommige hedendaagse teoloë en -lesers, dra dit geen gesag binne die Christelike kerke om geleer of geglo te word nie.